## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## A Course in Miracles

Kom skakel in by enige van ons drie groepe

### Paassondag: 31 Maart 2013

### Gesamentlike ete: 7 April 2013

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________________________

**E-Mail**______________________________ **Sel**____________________

**Woonadres**

______________________________________________

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:

Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel** | Ons vra 'n maandelikse bydrae |
| Takkode: **201-409** | hetsy per koevert of per EFT |
| Rekening: **551 601 09804** | **Groot ASSEBLIEF en DANKIE** |



# Neo-Spektrum

## 10 Maart 2013

## STEMME UIT DIE SKADUWEES

### WEES DIE LIG VIR DIE WÊRELD

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Opening — Aaron Zigman (My Sister's Keeper) ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

*Bedags sal dit nie die son wees*
*wat vir jou lig gee nie,*
*snags sal dit nie die maan wees*
*wat oor jou skyn nie:*
*die Here sal vir jou 'n ewige lig wees,*
*en jy sal roem in jou God.*
*Jou son en jou maan is die Here,*
*Hy gaan nie onder nie*
*en word nie dof nie.*
*Die Here sal vir jou 'n ewige lig wees,*
*jou dae van smart is verby.*

*— Jesaja 60:19 —*

## STILTE VAN BINNE

~ Solo Tu — Elliot Goldenthal (Frida) ~

# GESPREKSIRKEL

**"Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." (Matteus 5:14-16)**

## KOM ONS VERRUIL STEMME WAT SKREE, VIR OË WAT LIG WEERKAATS

*Ek laat die blindes loop op 'n pad wat hulle nie ken nie,*
*Ek laat hulle op paaie gaan wat vir hulle onbekend is.*
*Ek verander die donker voor hulle in lig*
*en Ek maak die ongelyk plekke gelyk.*
*Dit is wat Ek gaan doen, Ek gaan daar nie van afsien nie. (Jesaja 42:16)*

## KOM ONS VERRUIL STEMME UIT DONKER, VIR OOP VENSTERS EN DEURE

*Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie! (Matt 6:22) ......... Pas dus op dat die lig in jou nie donker is nie. As jou hele liggaam verlig is en nie 'n enkele donker plekkie het nie, sal dit heeltemal verlig wees soos wanneer 'n lamp jou met sy skynsel verlig. (Luk 11:35)*

## KOM ONS VERRUIL STEMME WAT DOOF, VIR DIE LIG WAT GOD SAL SIEN

*Op 'n ander keer het Jesus vir die mense gesê: "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee." Die Fariseërs sê toe vir Hom: "Jy getuig oor jouself; jou getuienis is dus nie geldig nie." Daarop sê Jesus vir hulle: "Al getuig Ek ook oor My-self, is my getuienis geldig, omdat Ek weet waar Ek vandaan gekom het en waarheen Ek teruggaan. Maar julle weet nie waar Ek vandaan kom of waar-heen Ek gaan nie. Julle oordeel oor iemand volgens sy uiterlike; Ek oordeel niemand nie." (Joh 8:12-15)*

*U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad." (Ps 119:105)*

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ THEY LIVE IN YOU — ELTON JOHN (LION KING) ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Maar jy, as jy jou verstand reg wil gebruik
en jou hande in gebed na God toe uitsteek,
as jy jou sonde van jou af sou verwyder
en nie toelaat dat onreg in jou woon nie,
kan jy jou kop sonder skaamte oplig en
in die nood kom sonder om bang te wees,
kan jy jou swaarkry vergeet en daaraan dink
asof dit water is wat weggeloop het.
Jou lewe sal meer lig hê as die helder middag,
jou donker sal lig word soos die môre.
Jy sal gerus wees omdat daar vir jou vooruitsigte is,
jy sal jou lêplek regmaak en rustig slaap.
Jy sal gaan lê en vir niemand bang wees nie,
en baie mense sal jou guns soek.
— Job 11:13-19 —

---

## AS ONS UITSTAP

~ L'OMBRE (DIE SKADUWEE) — DJIN ~

vanaand sê dit weer met die stiltes en niks meer nie
soos wanneer daardie kouefront jou skadu's jou murg afkoel
geruisloos dwarsdeur jou karkas spoel —
ek was nog nooit te bang om te sê wat maak my bang ...

**want vanaand skandeer ek daai gevoel wat geen woord of haat van weet,**
**hoe die stiltes jou stil-stil frommel en die seer skakeer wat nooit oorreed**
**hoe maklik dit sou kon wees om weer gevind te word**
**waar ek vergeet is in die stiltes, stiltes van die skaduwees.**

vanaand lê doekvoet oor die nag sal nie keer nie
en die vure skroei om die tyd te snoei
ek stook daai ert terwyl ek wag, gooi nog kole op die onmag —
ek was nog nooit te bang om presies te sê waarna ek verlang ...

want die ure bou die mure
en ek gooi nog 'n glasie wyn —
as dit dan 'n keuse is wie kies hierdie skadu's se
exquisite shades of pain?